# DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

## *Nuusbrief*

GROEI en DIEN

**10 Junie 2022**

INHOUD
WINTERSPORT
WONNUUS
REDENAARS
SOKKIE
BUSVERVOER
SKOOL

## WINTERSPORT:



**RUGBY:**

Die wedstryd van die jaar tussen die Hoërskool Wonderboom en HTS John Vorster het Saterdag 4 Junie 2022 plaasgevind. Die ondersteuners wat daar was, sal weet dit was 'n dag vol emosies en opwinding!

Uitslae:

Tiere wen 20 - 18

14A wen 12 -11

Wildcats verloor 17 - 15



**HOKKIE:**

Baie geluk aan die O/16A hokkie-meisies wat 'n tweede plek behaal het in die jaar se liga!

**NETBAL:**





Baie sterkte aan die o/17A en die o/19A spanne wat 11 Junie in die Tshwane uitspele deelneem!

## WONNUUS:




Ruan Nortjé, 'n Oud-Wonnie, wie in 2017 gematrikuleer het, en ook 'n Tier was, het die Ironman Award opgeraap! Ons is sowaar trots op hierdie Wonnie!



Zandri Allen 'n graad 12 dogter is tans besig met haar toetsreeks, maar presteer ook in dans. Sy het aan die die Noord Gauteng Arobatiese Kampioenskappe deelgeneem en het deurgedring na die NA Interprovinsiale Kompetisie wat op 18 Junie 2022 plaasvind.

## REDENAARS:

Wie sou kon raai kinders hou van praat? Armand Cilliers, Esrie Venter en Riany Jansen van Rensburg het deurgedring na die Kansvatter Redenaars se finaal op 2 en 3 September 2022 by Laerskool Constantiapark.






Kaartjies kan by  me. Beyleveldt gekoop word in die bemarkingskantoor. Die kaartjies se kostes is R20 of jy kan ‘n kombinasie koop vir R50 wat ‘n heerlike boereworsrol insluit.  Daar sal op die aand ‘n snoepie beskikbaar wees. Lekker pryse kan ook gewen word op die aand! Neem kennis dat hierdie sokkie slégs vir Die Hoërskool Wonderboom-leerders is.

# BUSVERVOER:

Geagte ouers

Stel u belang in ‘n skool busvervoer-opsie?

Dit is onder ons aandag gebring dat daar ouers is wat sukkel met vervoer reëlings na die skool en terug.

Dus wil ons die geleentheid gebruik om 'n behoefte -opname te maak om die lewensvatbaarheid van ‘n skoolbusdiens te bepaal. Ons wil graag u terugvoer hê in die verband.Voltooi asb. die eenvoudige Google vorm of as u verkies om per e-pos te antwoord stuur asb. die volgende inligting aan mnr Roodt by Roodt.a@wonnies.co.za.

1) Naam en van

2) Area waar u woon

3) Hoeveel leerders gebruik sal maak van die vervoer?

4) Wanneer sal u gebruik maak van die bussies?



Ons wil graag help waar moontlik in die moeilike tye en versoek asb 'n vinnige terugvoer. Volg die link hieronder.

Busvervoer

# NORMALE SKOOLDAG:

Vanaf Maandag, 13 Junie - 24 Junie is normale skooldae.




Vriendelike groete

Mnr. M Lezar

Skoolhoof